24 Mrt.

Uitgawe 2010/03/24

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. (**Jer.17:7-8**). In hierdie vers is dit duidelik om te sien wat die voordele is om ten volle vertrouend op God te wees. Ons leef in moeilike tye, maar God is gister, vandag en tot alle ewigheid dieselfde. Wanneer ons ten volle op God vertrou sal ons soos welige bome groei en ons sal die vrugte van die Gees dra – liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. ***Vader, dankie vir al U weldade teenoor ons. My siel sal juig in die Here, my Maker.***

Deurbraak : Uitreike op Web bereik jeug

Die wêreld het 1,7 biljoen Internet verbruikers en die Internet populasie in Asië bestaan uit ongeveer 43 persent van die wêreldwye totaal. China alleen dra by tot die helfte van Asië se skrander Internet populasie. Dit is 360 miljoen Internet verbruikers – meer as die totale populasie van die Verenigde State! Uit die totaal is 63% dertig jaar en jonger. Die aantal Chinese Internet verbruikers onder die ouderdom van 30 is meer as die populasie van vele Asiese lande gekombineerd. *Trans World Radio* in Asië soek vir maniere om uit te reik na jeug deur vier verskeie webruimtes, wat besoekers toelaat om na programme te luister aanlyn, mp3's af te laai, om Engels te leer, om teologie kursusse te volg en om geestelike gesondheid te bevorder. Ten minste 10 miljoen audio lêers was afgelaai in 2008 en 2009. (Webruimte: https://www.twr.org/news/internet_outreach_asia_crucial_reaching_youth, 19/03/10). ***Prys God vir hierdie maniere waarop jong mense bereik word op 'n manier wat relevant is in hul lewens. Bid dat alle programme en lêers wat afgelaai word die inhoud sal hê wat in die harte van jongmense sal spreek, wat sal lei tot die lig van die ewige redding.***

Bid vir jou gemeenskap : Identifiseer plekke van tragedie

Voormalige Oos-Kaapse publieke werke se LUK Christian Martin het 'n 5-jarige seuntjie van sy pa weggeskeur toe laasgenoemde gedreig het om die seuntjie van die Van Stadens brug af te gooi wat ook bekend staan as die "Brug van die Dood". Verlede Woensdag was 'n verkeersbeampte van Knysna die 75ste persoon wat selfmoord gepleeg het vanaf die spesifieke brug. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/9677e0f900484cf88493799520b3cd7c/23-03-2010-10-41/Ex-MEC_saves_boy_from_bridge, 23/03/10). ***Identifiseer die plekke in jou gemeenskap wat berug is vir ongelukke, selfmoorde, moorde, ens. Vra die Heilige Gees om jou te lei oor hoe om vir die plekke te bid. Verklaar die heerskappy van Jesus oor die plekke.***

Suid-Afrika : Kaapstad

Een kind was vermoor elke drie dae in die Wes-Kaap in net 12 maande. Sedert Januarie 2009 tot Januarie hierdie jaar, het 108 kinders gesterf aan die hand van moordenaars, in meeste gevalle deur mense wat bekend was aan hulle. Die moordsyfer hou nou verband met dwelmmisbruik in die streek. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=nw20100319093809643C555308, 19/03/10). ***Bid vir die beskerming van kinders. Verklaar oor hul lewens dat God hul geskape het met 'n doel*** (**Ps.8:2**). ***Bid ook dat hulle goeie rolmodelle sal hê in die land – bid spesifiek vir hul vaders, jeug politiese leiers en onderwysers.***

Internasionaal : Naskok van Chili ramp

Die massiewe 8,8 aardbewing wat Chili getref het op 27 Februarie en waar meer as 500 mense gesterf het was die sewende mees kragtige aardbewing in die geskiedenis, en tog het hulle minder hulp verkry as Haïti. Sommige kenners is van mening dat Chili beter voorberei was vir die tragedie, met strenger gebou kodes. Andere sê dat skenkers afgemat is. Die gaping tussen ryk en arm in Chili is groot en meer as 2 miljoen manne, vroue en kinders is geaffekteer, met halfmiljoen huise wat vernietig of erg beskadig is. Verdere beskadiging is aangerig deur meer as 120 na-skokke met 'n omvang van 5.0 of groter na die eerste aardbewing. (E-pos: debbie.meroff@ict.om.org, 16/03/10). ***Bid veral vir slagoffers wat 'n geliefde verloor het, om in staat te wees om hulle rus en troos in God te vind. Vra dat nie-Christene iemand sal ontmoet wat die evangelie met hulle sal deel en dat hulle werklik oop en ontvanklik sal wees. Bid vir hulle wat 'n huis, besittings of werk verloor het as gevolg van die vernietiging. Vra God se genade oor gemeenskappe, dat gelowiges sterk na vore sal tree en 'n betekenisvolle rol sal speel in die oordra van God se hoop vir die toekoms en mense sal bemoedig om saam te staan vir die heropbou van hulle gemeenskappe.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com